



Potchefstroom Dienssentrum

Lente



Rondomtalie Nuusbrief
1 September – 30 November



Voorwoord

Skouspelagtig! Hoe anders kan die lente beskryf word as met net een woord? Die hele lewe word aangrypend aangeraak deur hierdie wonder van God se skepping: Die teken van hoop wat wag vir 'n nuwe lewe. Soos Paulus dit so poëties raakvat in 2 Kor 5:17: "Die oue is verby, die nuwe het gekom."

'n Tyd van hoop en vernuwing. Dit weerspieël 'n vars, nuwe begin waardeur ons geloof versterk, vernuwe en groei in die teenwoordigheid van ons Skepper.

Dae word langsaam warmer. Die koue van die vergange seisoen vervaag en verdwyn. Bome bot en blomme maak kleurvol oop. Diere en insekte ontwaak uit hul winterslaap. Voëlgesange klink vars en nuut. Vroegoggend lug voel skerp en skoon. En in die verte kondig sagte donderweer die koms van vroeë reëns aan.

Eweneens deel die Potchefstroom Dienssentrum in die gees van die lente en die ysvlokkie-nasleepsels van die winter word entoesiasties afgeskud met bruisende, geesvang-aktiwiteite en feestelikhede. Beelde van onder meer potjiekos, braaivleis, musiekspeletjies met Cupido en sy pyltjies, troeteldiertjies en 'n bierkarnaval word opgetower, asook van alle kleurvolle dinge, SMARTIES!!! (Ja, jy het heeltemal reg geleses!!) Natuurlik is daar ook voedsel vir die kultuursiele onder ons, soos 'n besoek aan Montecasino en die Johannesburg Teater.

Laastens, hartlik geluk aan Potchefstroom Dienssentrum met julle 43ste verjaarsdag in Oktober 2026. Mag julle nog vir baie jare blom hier waar julle in ons gemeenskap geplant is, sodat ons bejaardes steeds kan gedy en groei deur aktiewe deelname. Deur ons betrokkenheid kan ons bly leef in die hoop op voortdurende hernuwing en die vrede en vreugde wat ware geloof bied.

Kom, my hartsmense, hierdie lentefees van die dienssentrum gebeur net èen keer in 2026 ... en dit is alles vervat in die volgende paar bladsye van hierdie LENTE NUUSBRIEF!!

Vrede en Seënwense.

Marius de Witt Dippenaar
Dienssentrumlid

(Hierdie Voorwoord is saamgestel met wortels diep gevestig in die gedagtes van Ds Lerisa Meyer se "Lente Seisoen" in Korrels Leesstof van die Somer Uitgawe; 2024-I en Johan van Niekerk se skrywe "Lente: 'n Seisoen vir Geestelike Groei in Christus", 2025-09-01)

September 2026



Dinsdag 1 September om 10:00 by die dienssentrum

Kom geniet 'n unieke en inspirerende oggend saam met Johan Zerwick, waar hy Smarties gebruik om 'n besonderse boodskap oor die lewe te deel.

Trek gerus iets kleurvol aan!

Donderdag 3 September om 15:00 – DE LAND

Kotie Ackermann, voormalige dieetkundige en nou holistiese gesondheidsafrigter, kom gesels met ons oor "Hoe dink ons oor oud word?" Ontdek wat die Wêreldgesondheidsorganisasie en navorsing sê oor gesonde veroudering, die pilare van goeie gesondheid en praktiese maniere om veroudering op 'n gesonde wyse te vertraag.

Dinsdag 8 September om 10:00 by die dienssentrum

Tebogo Moroe, BHSc (Hon) Bioethics en gesondheidswet, wat namens prof. Khubedi Patrick Mokhobo, die eerste swart kardioloog in Suid Afrika, 'n insiggewende gesprek oor die ouerwordende hart sal aanbied. Die fokus sal wees op gesondheid, deernis en waardigheid in die versorging van die hart soos ons ouer word.

Dinsdag 15 September om 10:00 by die dienssentrum

Ons hou potjiekos kompetisie en volkspele. Inskrywings vir die potjiekos kompetisie moet Vrydag 4 September reeds gedoen wees. Inskrywingsvorm sal beskikbaar wees by die kantoor.

Donderdag 17 September om 15:00 – DE LAND

Trivia Vasvra-oggend

Dink jy jy weet baie? Kom stel jou kennis op die proef!

Ananda en Madelie neem die leisels en gaan probeer om julle behoorlik vas te vra met 'n verskeidenheid prettige en uitdagende trivia-vrae.

Dinsdag 22 September om 10:00 by die dienssentrum

Kom geniet Senior Mind Move bewegings saam met Wendri Eloff en Marietha Oelofse om 09:50.

Temadag – Boemelaar en Bingo

Stof jou kreatiwiteit af en trek jou beste boemelaarspakkie aan! Saam met al die pret geniet ons ook 'n gesellige Bingo-oggend, so kom kuier, lag en maak gereed vir 'n paar lekker verrassings.

Dinsdag 29 September om 10:00 by die dienssentrum

Dr. Andre du Preez, berader, predikant en motiveringspreker, kom gesels met ons oor die inspirerende tema: "Van saadjie tot seën." Kom luister hoe 'n klein begin, geloof en volharding mettertyd kan groei tot iets besonders.



Oktober 2026

Dinsdag 6 Oktober om 10:00 by die dienssentrum

PAWS Haven kom kuier by ons en deel waardevolle raad oor die versorging van troeteldiere. Hulle gesels ook oor die opsies wat beskikbaar is wanneer jy nie meer self na jou troeteldier kan omsien nie of as jy na 'n plek verhuis waarheen hulle nie kan saam gaan nie.

Dinsdag 13 Oktober om 10:00 by die dienssentrum

Kom geniet 'n heerlike musikale oggend saam met Jordi Mentz en die sanggroep wat ons gaan vermaak met hul engelstemme. Met die tema "Cupido skiet sy pyle – raak of mis" wag daar 'n oggend vol mooi musiek, glimlagte en dalk selfs 'n bietjie liefde in die lug!

Donderdag 15 Oktober om 15:00 – DE LAND

Kom geniet Senior Mind Move bewegings saam met Wendri Eloff en Marietha Oelofse om 14:50.

Denims, Diamonds & Bingo

Dis tyd vir Bingo... maar hierdie keer met 'n bietjie ekstra glans! Trek jou gunsteling denim aan, voeg 'n tikkie diamante (of blink!) by en kom geniet 'n middag vol lag, kuier en opwinding. Daar is twee kanse om te wen – wys jou Bingo-vernuf én staan 'n kans om as ons "Best Dressed" gekroon te word!

Dinsdag 20 Oktober om 10:00 by die dienssentrum

Speletjiedag – Bring jou vriende saam! Kom geniet 'n oggend vol lag, spanwerk en lekker geselskap! Vorm 'n span van 4 tot 6 persone en kom wys wat julle kan doen. Het jy nie 'n volledige span nie? Moenie bekommer nie – ons maak 'n plan! Ons speel "Wie is Ek?", met bekende Suid-Afrikaners as tema. Toets jou kennis, geniet die uitdaging en deel in al die pret.

Dinsdag 27 Oktober om 10:00 by die dienssentrum

Ds. Juppi Steurer, leeraar van NG Grimbeekpark, kom gesels met ons oor die inspirerende tema: "Lente van die hart." Kom beleef 'n oggend waar ons fokus op geestelike vernuwing, hoop en vreugde – 'n herinnering dat elke seisoen in ons lewe nuwe groei en nuwe geleenthede kan bring.

November 2026



Dinsdag 3 November om 10:00 by die dienssentrum

Wanneer getalle begin sing en patrone ritme kry, ontmoet wiskunde en musiek mekaar op 'n besonderse manier. Professor Marthie van der Walt kom gesels met ons oor die konneksie tussen wiskunde en musiek.

Donderdag 5 November om 15:00- DE LAND

Dr. Doret Kirsten, Kliniese sielkundige, kom gesels met ons oor: "Waarom slaap verander soos ons ouer word – en wat kan ons daaraan doen?"

Dinsdag 10 November om 10:00 by die dienssentrum

Trivia Vasvra-oggend

Dink jy jy weet baie? Kom stel jou kennis op die proef!

Betsie en Madelie neem die leisels en gaan probeer om julle behoorlik vas te vra met 'n verskeidenheid prettige en uitdagende trivia-vrae.

Dinsdag 17 November om 10:00 by die dienssentrum

Kom geniet Senior Mind Move bewegings saam met Wendri Eloff en Marietha Oelofse om 09:50.

Ds. Marco Labuschagne, leeraar van Evangelies Gereformeerd, kom deel 'n inspirerende boodskap oor die tema: "Gebed in jou nuwe seisoen."

Kom beleef 'n oggend van bemoediging, verdieping en inspirasie terwyl ons saam stilstaan by die krag van gebed en 'n hart wat op God gerig is.

Donderdag 19 November om 15:00 - DE LAND

Speletjiedag – Bring jou vriende saam!

Kom geniet 'n oggend vol lag, spanwerk en lekker geselskap!

Vorm 'n span van 4 tot 6 persone en kom wys wat julle kan doen. Het jy nie 'n volledige span nie? Moenie bekommer nie – ons maak 'n plan!

Ons speel "Wie is Ek?", met bekende Suid-Afrikaners as tema. Toets jou kennis, geniet die uitdaging en deel in al die pret.

Dinsdag 24 November om 10:00 by die dienssentrum

Ons hou partytjie en braai!! Verjaardagtee en die Lente Nuusbrief verskyn. Almal wat vanaf 1 September tot 30 November verjaar het, bring om 09:00 'n bordjie eetgoed en vier hul verjaarsdag saam met medelede. Onthou om vir u ete te bespreek voor Maandag 16:00.

In-en Uitstappies

- **Woensdag 2 September – De Vette Mossel, Parys.**

Bekend vir hul unieke Weskus-atmosfeer, verwelkom De Vette Mossel gaste met 'n ontspanne kuierervaring, vars seekos en 'n feestelike buffet wat jou smaakknoppies behoorlik sal bederf. Koste sluit vervoer en ete in.

Drinkgoed vir eie rekening. Ons vertrek **10:00** vanaf die dienssentrum.

Lede: R280 en Nie-Lede: R300

- **Saterdag 12 September – Semi-Soet Die Musiekblyspel by Montecasino**

Kom geniet 'n heerlike dag saam met ons by Montecasino waar ons die musiekblyspel, Semi – Soet gaan kyk. Die bus vertrek om **09:00** vanaf die dienssentrum en ons geniet die 15:00-vertoning. Die koste sluit vervoer en die teaterkaartjie in, middagete vir eie rekening.

Lede: R860 en Nie-lede: R960

- **Woensdag 7 Oktober – Sip & Paint – Kom verf jou hart uit!**

Kom geniet 'n kreatiewe en ontspanne oggend by die dienssentrum met Marinda Herbst wat ons deur 'n prettige Sip & Paint-ervaring gaan begelei. Koste sluit alle benodighede in. Ons begin om 10:00 by die dienssentrum.

Lede: R 200 en Nie-Lede: R 240

- **Saterdag 24 Oktober – Mamma Mia by Montecasino**

Kom geniet 'n onvergeetlike dag saam met ons by Montecasino waar ons die gewilde musiekblyspel Mamma Mia gaan kyk. Die bus vertrek om **09:00** vanaf die dienssentrum en ons geniet die 15:00-vertoning. Die koste sluit vervoer en die teaterkaartjie in, middagete vir eie rekening.

Lede: R880 en Nie-lede: R990

- **Woensdag 11 November – 'n Avontuur by Khora Leeuplaas!**

Kom geniet 'n heerlike dag saam met ons by Khora Leeuplaas net buite Potchefstroom. Die koste sluit vervoer, toegang tot die plaas, 'n pizza *pie* en 'n koeldrank in. **Lede: R290 en Nie-Lede: R330.**

- **Saterdag 28 November – Alice in Wonderland by Joburg Theatre**

Kom reis saam met ons na die asemrowende vertoning, Alice in Wonderland by die Joburg Theatre. Ons vertrek om **07:30** vanaf die dienssentrum en ons geniet die 11:00-vertoning. Die koste sluit vervoer en toegangskaartjie vir die vertoning in. Middagete is vir eie rekening.

Lede: R520 en Nie-Lede: R 580

Programme en pryse is onderhewig aan verandering

Sosiale Aktiwiteite

Potchefstroom Dienssentrum se aktiwiteite is gerig op ouer persone.

Raak betrokke en bly aktief.

Maandae

9:30 Volkspele – Uitkomssaal	9:45 Breiklub – de Land	12:00 Sterk en Stewig – Uitkomssaal
14:00 Canasta – Huis Eikelaan	14:00 Brug – de Land	14:30 Biokinetika Oefening – Uitkomssaal

Dinsdae

10:00 Klubbyeenkoms – Dienssentrum	12:00 Skaak – Dienssentrum	12:00 Brug – Dienssentrum
14:00 Lyndans – Uitkomssaal		14:00 Rummikub – de Land

Woensdae

9:00 SitFit – Konferensielokaal, Dienssentrum	9:30 Kuierklets – Dienssentrum	9:30 Sit Sit So – de Land
13:30 Brug – de Land		15:45 Storie Uur – de Land

Donderdae

10:00 Geestelike Gesprek – de Land	10:00 Inkleurgroep – Dienssentrum	13:00 Prettige Praatjies – de Land
14:30 Biokinetika Oefening – Uitkomssaal	15:00 Klubbyeenkoms – de Land 1ste en 3de Donderdag	15:00 Bybelstudie – de Land 2de en 4de Donderdag

Vrydae

9:00 Goue Jare Woorduur – Konferensielokaal, Dienssentrum	9:30 Sanggroep – Dienssentrum 15:00 Skaak – de Land	11:00 Sterk en Stewig – Uitkomssaal
--	--	---

Saterdag

7:30 Oefengroep – de Land

Maandeliks

09:00 Bokmakeries – Dienssentrum 3de Donderdag van die maand	10:00 Boekklub – Samuel Broadbent 1ste Donderdag	10:00 Vrydag –en Militêre praatjies – de Land Laaste Vrydag	10:00 Verfklas – de Land 1ste Vrydag van die maand
--	--	--	--

Wat lê voor?



**Donderdag,
1 Oktober
10:30**

Verjaarsdagviering, Dankie sê funksie & Eer die Bejaarde

Kom vier 43 jaar van omgee en diens saam met ons!

Ons eer ons bejaardes, bedank ons toegewyde vrywilligers en geniet 'n heerlike dag saam met gaskunstenaar Jakkie Louw.

Plek: Ned Hervormde Kerk Moedergemeente
Koste: R100 per persoon (middagete ingesluit).



**Vrydag,
13 November
15:00**

de Land Mark

Kom beleef die gesellige atmosfeer van die de Land Mark! Kuier tussen 'n verskeidenheid unieke stalletjies, ontdek iets besonders en geniet heerlike eetgoed en lekkernye. Daar is iets vir die hele gesin – die ideale uitstappie vir 'n ontspanne dag saam met familie en vriende.



**Woensdag,
25 November
18:00**

Kersete

Sluit die jaar feestelik saam met ons af!

Geniet 'n heerlike Kersete, warm samesyn en die vreugde van Kersfees in goeie geselskap. Gaskunstenaar word binnekort aangekondig.

Plek: Ned Hervormde Kerk Moedergemeente
Koste: R150 per persoon.



Vrydag, 30 Oktober

Bierkarnaval

Maak gereed vir een van die hoogtepunte van die jaar! Kom geniet vanaf 18:30 ons jaarlikse Bierkarnaval – 'n aand vol yskoue bier, heerlike kos, goeie geselskap en onvergeetlike kuier by Snowflake.

Koste: R350 per persoon.



**Kaartjies by die dienssentrum beskikbaar.
Onthou asb. om vroegtydig te bespreek.**



Nuwe Personeel

AKTIWITEITS-
KOÖRDINEERDER



**MADELIE
NIEUWOUDT**



**ELIZMA
FERREIRA**

DE LAND
BESTUURDER

Lidmaatskap

R450 pp

Lidmaatskap hou baie voordele in.

Wat is die voordele om 'n lid te wees?

- U is deel van 'n unieke en dinamiese organisasie.
- Vier waardevolle nuusbriewe per jaar.
- Gratis sosiale aktiwiteite gerig op aktiewe veroudering.
- Gratis gesondheidsiftings.
- Gratis tuiasevaluasies.
- Bekostigbare dienste: Verpleging, maatskaplike werk, etes, aanry-etes, oproepdiens, tuis- en tuinhulpdienste en vervoer.
- Bekostigbare vakansies en uitstappies.

WORD DEEL VAN DIE DIENSSENTRUM WAAR ONS STREEF OM DIE
BESTE, KOSTE-EFFEKTIEWE, KWALITEIT DIENS TE LEWER.

Goed om te weet



Nuwe Ledetee-geleentheid by die dienssentrum

Donderdag 17 September om 10:00

Donderdag 26 November om 10:00

Overvaal 96.1 gesprekke om 10:15 vanuit die ateljee in Parys.

- Maandag 21 September
- Maandag 19 Oktober
- Maandag 16 November



Wenner van ons besigheidskompetisie

Baie geluk aan Vescotech wat tydens die Kry en Ry Basaar as wenner van ons besigheidskompetisie aangewys is. Hulle het die grootste bestelling geplaas en daarmee 'n waardevolle bydrae tot die sukses van die basaar gelewer.

Baie dankie vir julle ondersteuning en betrokkenheid by die Potchefstroom
Dienssentrum!



Ter herdenking aan:

Soos die lente nuwe lewe bring, onthou ons met dankbaarheid die geliefde lede wat nie meer saam met ons stap nie. Mag die herinneringe wat hulle agtergelaat het, soos lentebloem in ons harte bly blom.

MEI

07/05 - Janette Coetzee
14/05 - Lammert van Eck
15/05 - Koos Minny
16/05 - Joey Bredenkamp
30/05 - Daan Fourie
31/05 - Joos Fouche

JUNIE

02/06 - Pieter du Plessis
04/06 - Carel van der Merwe
06/06 - Liz Olivier
08/06 - Bastiaan Wessels
08/06 - Johan Pretorius
13/06 - Margaretha Peach
16/06 - Pieter Bakker
17/06 - Jacobus Odendaal
26/06 - Lettie Badenhorst
29/06 - Jossie Pelser

JULIE

01/07 - Elize Bothma
10/07 - Karel Jooste
12/07 - Saartjie de Wet
15/7 - Annatjie van Zyl
22/7 - Elsa Janse van Rensburg
27/7 - Martie Diedericks

Lentegebed

Hemelse Vader, dankie vir die nuwe seisoen wat U voor ons oopmaak.

Soos die natuur weer blom, bid ons dat U ook ons harte met nuwe hoop, vreugde en krag sal vul.

Help ons om elke nuwe dag met dankbaarheid te ontvang en U liefde met ander te deel.

Seën elke lid en hul geliefdes met gesondheid, vrede en nuwe moed.

Amen.

EV06
SOS PANIEK SLIMHORLOSIE

- 24/7 BESKIKBARE TOEGANG
- WATERDIG
- GPS-LIGGING
- TWEERIGTINGKOMMUNIKASIE
- USB-BATTERY LAAIER

EQiGate
integrate|innovate

HAARSALON

Kontak gerus Hair Perfection haarsalon vir alle haarbehoefte.

WANDA: 074 698 6852



Advertensies:

Ons sal jou graag wil help
om die mooi van die lewe
weer beter te kan hoor...

Maak vandag nog jou afspraak
of kontak ons vir meer inligting
en spesiale pryse!

Want elke gesprek
maak die lewe mooier...



GRATIS GEHOORSIFTINGSTOETSE



GRATIS SKOONMAAK VAN APPARATE



BESTE PRYSE OP BATTERYE



TUISBESOEKE IN POTCHEFSTROOM



OPGRADERING VAN APPARATE



NUUTSTE TEKNOLOGIE OP DIE MARK

018 294 5193

West Acres Winkelsentrum



healthy hearing

Oudrift

Riverside Lodge

*Fine Country Estate
on the banks of the
Mooi River*

Riverside Restaurant

Open to the Public <
Breakfast, Lunch & Dinner Daily <
Fully Licenced <
Picnics <
Conferences <
Available for Private Functions and Special Occasions <
Private Dining & Working Lunches <

Our 16 AA graded superior rooms offer a variety of styles, bed and
en-suite bathroom configurations and price ranges.

Our Wi-Fi enabled property is conveniently located just on the outskirts of Potchefstroom,
yet still secluded enough to keep that country charm. Visit our website for further details on
our Fine Country Estate and facilities.

☎ 018 297 4939 ✉ info@oudrift.co.za 🌐 www.oudrift.co.za

SNOWFLAKEPOTCHEFSTROOM

SNOWflake
mark
Experience Goodness

4 & 5 SEPT
9 & 10 OKT
6 & 7 NOV
4 & 5 DES

VRYDAE
16:30 - LAAT
R15 ingang

SATURDAYS
9:00 - 13:30
free entry

handgemaakte & organiese produkte | food & drinks | live music | kindervermaak ens.

Rwellness

VERNUWE • VERKWIK • VERFRIS

Algehele welstand ondersteuning

DERMVOEDING

Dermgesondheid &
spysvertering ondersteuning

FLOREER

Geestelike, liggaamlike &
emosionele wellstand

**ROOI LIG
THERAPIE**

Pynverligting, herstel &
sellulêre ondersteuning

Geloof-geinspireerde, wetenskaplik-ondersteunde terapieë wat saamwerk
om dermgasondheid te ondersteun, inflammasie te verminder, energie te
verhoog, balans te herstel en geestelike, liggaamlike en emosionele
wellstand te bevorder.

Miederpark Aptek
Maherrystraat 39, Potchefstroom

☎ 077 462 0106 | f Rwellness | 🌐 rwellness.co.za



Dienssentrum Kontakbesonderhede

Dienssentrum tel no:
018 293 0678/9

de Land diensblok:
060 955 4035 **of**
018 880 0451

**Dienssentrum
WhatsApp no:**
076 767 7249

E-pos:
admin@dienssentrum.co.za

Konsultasiefoon:
082 300 2450

Fisiese adres:
Chris Hanirylaan 90

Huis Eikelaan Kombuis:
018 293 3083

Webadres:
<http://dienssentrum.co.za>

Facebookblad:
Potch Dienssentrum

Instagram:
potch_dienssentrum



Bankbesonderhede:
Potchefstroom
Dienssentrum vir Bejaardes
ABSA Tjekrekening:
680 641 528
Takkode: 632 005
ONTHOU: Verwysing

24-uur-noodnommer:
0800 128 424